Aanwysings na Lunsklip Kampterrein te  Mooketsi, Limpopo.

Die rit na die kampterrein neem sowat vier ure vanaf Pretoria. Dit is op die R36, tussen Mooketsi en Modjadjiskloof.

Vanaf Pretoria/Johannesburg neem mens die N1 noord na Polokwane en draai op die R81 af.

<u>Aanwysings na die kampterrein</u>

Neem die N1 noord, na Polokwane.

Die beste plek om langs die pad te stop vir draaie loop, koffie en versnapperinge koop, is CALTEX STARSTOP THE RANCH. Dit is ook die enigste amptelike stopplek vir die busse sodat die kinders draaie kan loop. Dit is sowat 220km vanaf Pretoria (40 km anderkant die Nyl Plaza) en sowat 100km vanaf die kampterrein.

Bly op die N1 verby Polokwane tot by hierdie afrit, 408, Groblerstraat rigting Giyani Tzaneen.



Hou reguit aan by hierdie verkeerslig, rigting Munniklaan, R81 Giyani.




Draai regs by hierdie verkeerslig, op die R81 Giyani.



Hierdie Shell vulstasie en Spar Express in Mooketsi is sowat 5km vanaf die kampterrein en die laaste plek vir inkopies, brandstof, draaie loop.




Ry maar stadig anderkant die Shell want die uitdraai na die kampterrein is nie gemerk nie. Na 4.8km is hierdie uitdraai na links en die kampterrein se ongemerkte uitdraai is na regs.



Dit is hoe die hek na die kampterrein lyk. Stop voor die hek, druk die interkom en sê jy  kom na die Voortrekkerkamp. Ry in, oor die spoor en draai regs. Volg die grondpad.




Op die plaaspad, ry verby die groot dubbelverdieping huis regs en volg die grondpad verder.

Draai links by die rondawelhuis en kraal.

Hekke wat toe was moet weer toegemaak word en wat oop is moet oopgelos word.

Die kampterrein se ingang is sowat 4km vanaf die teerpad.

